# AKADEMIESE PERSONEEL

**DEKAAN**

**Prof LVM Moja**

**AFDELING ONDERWYSONTWIKKELING**

Prof MM Nel
Dr MJ Bezuidenhout

**AFDELING VIR DIE ONTWIKKELING VAN STUDENTELEER**

Me MP Jama

# SKOOL VIR AANVULLENDE GESONDHEIDSBEROEPE (SAGB)

**HOOF VAN SKOOL**

Dr S van Vuuren

**DEPARTEMENT ARBEIDSTERAPIE**

Me SM van Heerden

**DEPARTEMENT FISIOTERAPIE**

Me H Kriel

**DEPARTEMENT VOEDING EN DIEETKUNDE**

Prof A Dannhauser

**DEPARTEMENT OPTOMETRIE**

Prof T Rasengane

(f) Studente ontvang opleiding by die goedgekeurde opleidingskomplekse en lewer ook gemeenskapsdiens in Bloemfontein en omgewing. Studente is verantwoordelik vir hul eie vervoerreëlings tydens opleiding.

**Reg AGB1.2: Toelating van studente afkomstig van ander universiteite**

(a) ’n Student wat aan ’n ander universiteit vir ’n B.Sc. in Dieetkunde-, B. in Arbeidsterapie, B. in Optometrie of B.Sc. in Fisioterapie of soortgelyke program geregistreer was en wat nie vir verdere studie in die relevante program aan die ander universiteit toegelaat is nie, sal nie toegelaat word vir studie aan die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe by hierdie universiteit nie.

(b) ’n Student wat van universiteit wil verander en aan die Universiteit van die Vrystaat wil studeer, sal toegelaat word om aan die einde van die eerste of tweede studiejaar hierheen te skuif, mits die programme en sillabusse van die modules by die betrokke universiteit die nodige krediete en uitkomstes voorsien het, en op voorwaarde dat hy/sy as ’n student vir sy/haar program gekeur is.

**B.Sc. in Fisioterapie**

‘n Gemiddelde punt van 60% vir Wetenskap word vereis, en sal bereken word op grond van ten minste drie (3) vakke met Wiskunde en Natuur- en Skeikunde as vereiste, plus een van die volgende: Biologie of Fisiologie.

**B. in Arbeidsterapie**

’n Gemiddelde punt van 60% vir Wetenskap word vereis, en sal bereken word op grond van ten minste twee (2) Wetenskapvakke, dit wil sê Wiskunde, Biologie, Fisiologie of Natuur- en Skeikunde.

**B.Sc. in Dieetkunde**

’n Gemiddelde punt van 60% vir Wetenskap word vereis, en sal bereken word op grond van ten minste drie (3) Wetenskapsvakke met Wiskunde en Natuur- en Skeikunde as ’n vereiste, dit wil sê Wiskunde, Natuur en Skeikunde en een van die volgende: Biologie of Fisiologie.

**B. in Optometrie**

’n Gemiddelde punt van 60% vir Wetenskap word vereis, en sal bereken word op grond van ten minste drie (3) Wetenskapsvakke, met Wiskunde en Natuur- en Skeikunde as ’n vereiste, dit wil sê, Wiskunde, Natuur- en Skeikunde en een van die volgende: Biologie of Fisiologie.

### 1.8.2 Kwalifisering vir die tweede assesseringsgeleentheid

’n Student kwalifiseer vir ’n tweede geleentheid indien:

(a) ’n student ’n finale gesamentlike syfer van 45% tot 49% tydens die eerste assesseringsgeleentheid behaal het, en ’n subminimum van minstens 30% in die assesseringsyfer kry;

(b) ’n student ’n finale gesamentlike syfer van 50% of meer tydens die eerste assesseringsgeleentheid behaal het, maar nie die subminimum van 40% vir die assesseringsyfer nie;

(c) ’n student ’n mediese sertifikaat voorlê wat as geldige rede beskou word om nie die eerste geleentheid te gebruik nie (spesiale vorm wat deur geneesheer voltooi moet word);

**Opmerking**: Hierdie sertifikaat moet binne 48 uur, nadat die student by die geneesheer was, by die Hoof van die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe, Dr van Vuuren, Kamer 124, CR de Wet-gebou, ingedien word. Daar bestaan geen verdere geleentheid vir studente wat op hierdie wyse aan die tweede geleentheid deelneem nie, behalwe soos in “spesiale assesseringsgeleentheid” hieronder, beskryf.

(d) Daar bestaan geen tweede assesseringsgeleentheid vir studente om hul finale syfer te verbeter vir modules wat in die Fakulteit aangebied word nie.

(e) Die tweede assesseringsgeleentheid van die eerste semester sal plaasvind gedurende die laaste week van die Junie/Julie vakansie, en die tweede assesseringsgeleentheid van die tweede semester gedurende die tweede werksweek van Januarie van die opvolgende jaar.

(f) Dit word bevestig dat ’n student ’n assesseringskrif met die departementshoof kan bespreek onmiddellik na die bekendmaking van die uitslae, met die reg om appèl binne (5) vyf werksdae via die Administratiewe Beampte van die SAGB aan te teken.

(g) Eksamenpunte sal beskikbaar gestel word op die kennisgewingbord van die CR de Wet-gebou asook op die netwerk van die UV. **Studente is self verantwoordelik om inligting rakende datums, tye en lokale van tweede- asook spesiale eksamengeleenthede vanaf die departementshoof te bekom, binne sewe dae nadat punte bekend gemaak is.**

(b) Eksamenuitslae, implikasies en verantwoordelikhede, sal per geregistreerde pos aan studente wat ‘n module gedruip het, deur die Hoof van die Departement gekommunikeer word. Studente moet bevestig dat hul die geregistreerde brief ontvang het.

(c) Indien studente binne die eerste week nadat eksamenpunte bekendgemaak is, geen korrespondensie in verband met herassessering van ’n tweede eksamen of ’n spesiale eksamens ontvang het nie, is dit die student se verantwoordelikheid om die Hoof van die Departement te kontak.

**Reg AGB1.15 Appellering teen eksamenuitslae**

(a) Die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe pas die prosedure van appèl van die Fakulteit van Gesondheidswetenskappe toe. Kontak mev Lollie Prinsloo, Administratiewe Beampte, Kamer 234, SAGB, kontaknommer 051-401 3631.

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **IV en Gevorderde Pediatriese Optometrie** | | | | | | | 16K |
| **Hantering van Strabisme, Ambliopie en probleme van Binokulêre Visie** | | | | | | | BVA404 16K |
| **Neuro-Optometrie en Visie Terapievaardighede** | | | | | | | VIT404 16K |
| **Diagnostiese en Laevisie Vaardighede** | | | | | | | DGN404 16K |
| **Kliniese Medisyne en Gevorderde Oogsiekte** | | | | | | | CLM404 16K |
| **Kliniesesorgvaardighede, Kontaklensvaardighede en –komplikasies** | | | | | | | CLC404 16K |

**Reg AGB5.2: Slaagvereistes vir die eerste studiejaar**

(a) ’n Student moet al die modules slaag om na die tweede studiejaar oorgeplaas te word.

(b) Student wat nie aan die vereistes vir bevordering soos in die studiegids vir ACE112 uiteengesit, voldoen nie, sal daardie afdelings van die module wat hulle nie geslaag het nie, moet herhaal totdat hulle dit bemeester het.

(c) Alle modules, soos aangedui in die semestergids, word deurlopend gedurende die semester geëvalueer, en ’n gemiddelde semestersyfer van ten minste 50% moet behaal word om deel te neem aan die finale semester eksamen.

(d) ’n Student wat registreer vir 'n module in die nuwe program, moet 50% behaal in elke sub-module om die finale eksamen van die nuwe module te slaag. Die vereiste is nie van toepassing op die berekening van die semester- of jaarsyfer nie.

(e) Enige student wat 'n uitgefaseerde studiejaar druip. sal die vorige jaar van die nuwe program moet herhaal.

**L.W.:** Vier modules is ekwivalent aan twee semestermodules of een jaarmodule.

**Reg AGB5.3: Slaagvereistes vir die tweede studiejaar**

(a) ’n Student moet in die tweede studiejaar al die modules slaag om na die derde studiejaar oorgeplaas te word.

(b) Alle modules, soos aangedui in die semestergids, word deurlopend gedurende die semester geëvalueer en ’n gemiddelde semestersyfer

van ten minste 50% moet behaal word om deel te neem aan die finale semester eksamen.

(c) ’n Student wat registreer vir 'n module in die nuwe program, moet 50% behaal in elke sub-module om die finale eksamen van die nuwe module te slaag. Die vereiste is nie van toepassing op die berekening van die semester- of jaarsyfer nie.

(d) ’n Student wat 'n uitgefaseerde studiejaar druip. sal die vorige jaar van die nuwe program moet herhaal.

**Reg AGB5.4: Slaagvereistes vir die derde studiejaar**

(a) ’n Student moet in die derde studiejaar al die modules slaag om na die vierde studiejaar oorgeplaas te word.

(b) Alle modules, soos aangedui in die semestergids, word deurlopend gedurende die semester geëvalueer, en ’n gemiddelde semestersyfer van ten minste 50% moet behaal word om deel te neem aan die finale semester eksamen.

(c) ’n Student wat registreer vir 'n module in die nuwe program, moet 50% behaal in elke sub-module om die finale eksamen van die nuwe module te slaag. Die vereiste is nie van toepassing op die berekening van die semester- of jaarsyfer nie.

(d) Enige student wat 'n uitgefaseerde studiejaar druip. sal die vorige jaar van die nuwe program moet herhaal.

**Reg AGB5.5: Slaagvereistes vir die vierde studiejaar**

(a) ’n Student moet al die eksamens van die vierde studiejaar slaag.

(b) Alle modules, soos aangedui in die semestergids, word deurlopend geëvalueer gedurende die semester, en ’n gemiddelde semestersyfer van ten minste 50% moet behaal word om deel te neem aan die finale semester eksamen.

(c) ’n Student wat registreer vir 'n module in die nuwe program, moet 50% behaal in elke sub-module om die finale eksamen van die nuwe module te slaag. Die vereiste is nie van toepassing op die berekening van die semester- of jaarsyfer nie.

(d) Enige student wat 'n uitgefaseerde studiejaar druip. sal die vorige jaar van die nuwe program moet herhaal.

**Reg AGB5.6: Herhaling van die vierde studiejaar**

(a) ’n Student wat in die finale jaar meer as twee modules druip, moet die hele jaar herhaal.

(b) 'n Student wat twee modules of minder druip, moet die tersaaklike modules in die middel van die jaar herhaal.

**Reg AGB 5.7: Vrystelling**

'n Student wat aan 'n ander universiteit gestudeer het en 'n graad/diploma behaal het, mag vrystelling van die Hoof van die Departement verkry vir nie-professionele modules (Fisika en Sielkunde), indien die student voldoen aan die algemene regulasies, Reg. A10. Reg. A11 en Reg. A12.

